

BELEID EN PROSEDURES: GODSDIENS

Hoërskool Standerton dien hoofsaaklik 'n CHRISTUS-georiënteerde gemeenskap. Leerders uit alle geloofsgroeperinge word egter aanvaar as leerders van die skool, onderhewig aan die gedragskode vir leerders, wat op Christelike beginsels geskoei is, en die skoolreëls.

1. Godsdiensoefening neem die volgende vorme aan:

- Saalopeninge met die heropening van die skool op die eerste dag van 'n nuwe skooljaar of –kwartaal.
- Saalopeninge op Maandae-oggende gedurende die kwartaal.
- Aantredes gedurende die week op die aantreeblad.
- Afsluiting met gebed aan die einde van 'n skooldag.
- Godsdiensoefeninge op Woensdae buite eksamentye.

2. Saalopeninge:

- Omdat die opening in die saal nie slegs 'n godsdienstige byeenkoms is nie, maar ook 'n organisatoriese doel dien, is dit voordelig indien alle leerlinge hierdie geleentheid bywoon.
- Indien 'n ouer egter verkies dat sy/haar kind(ers) nie die godsdiensoefeninge van 'n saalopening bywoon nie, kan 'n skriftelik versoek tot dié effek gerig word.
- Indien 'n leerling uit eie oortuiging nie wil deelneem aan bogenoemde godsdiensoefening nie, kan hy/sy skriftelik verskoning maak vir die godsdienstige gedeelte van die saalopening. So 'n versoek sal eers met die ouer(s)/voog(de) van die leerling hanteer word.

3. Godsdiensoefeninge:

- Hierdie oefeninge vind buite eksamentye plaas op Woensdae vanaf ongeveer 11:30 tot 12:00.
- Aan die begin van die jaar maak elke voogonderwyser 'n opname in sy/haar klas om vas te stel aan watter kerkgenootskap elke leerling in die klas behoort.
- Die adjunkhoof van die skool voeg al hierdie inligting saam en doen 'n lokaalindeling volgens die getal leerlinge per kerkgenootskap.
- 'n Uitnodiging word deur die adjunkhoof aan geestelike leiers van al die betrokke gemeentes in die gemeenskap gestuur.
- Die gemeente of godsdienstige groepering se geestelike leier(s) hanteer sy/haar gemeentekinders gedurende die godsdiensoefeninge.
- Alle leerlinge wat aan geen kerkgenootskap behoort nie en leerlinge wie se geestelike leiers nie verteenwoordig is nie, word saam gegropeer en word onder toesig geplaas. Lede van die dissiplinêre komitee hanteer hierdie toesig.